higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

(8011002)

8 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 In die verlede in Suid-Afrika is geen swart persoon, Indiër of kleurling toegelaat om deel van die regering te wees nie.

1.2 Op 26 Februarie 1970, is die Wet op Swart Burgerskap gepromulgeer en het elke swart persoon 'n sertifikaat van burgerskap van sy of haar bepaalde tuisland ontvang.

1.3 Die eerste demokratiese verkiesing is op die 27ste en 28ste April 1994 gehou.

1.4 Die nuwe Suid-Afrikaanse vlag is die eerste keer in 1995 gehys.

1.5 Tradisionele howe word toegelaat om ernstige regsaangeleenthede te hanteer.

1.6 Die Grondwet maak voorsiening vir 'n volkslied, 'n nasionale vlag en elf amptelike tale.

1.7 Swart persone wat in tuislande gebly het, het nie paspoorte nodig gehad om ander areas van Suid-Afrika binne te gaan nie.

1.8 'n Deklarasie is 'n belangrike en amptelike verklaring oor 'n spesifieke situasie.

1.9 'n Dooiepunt is 'n meningsverskil wat nie besleg kan word nie.

1.10 Daar word dikwels na die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika as die 1994 Grondwet of finale Grondwet verwys.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

plaaslike regering; lewe; negatiewe regte; grondwet; 2006; deursigtigheid, interregeringsverhoudinge; 1994; vrye assosiasie; howe; parlement

2.1 … is die naam van die groep persone wat verkies is om 'n land se wette te maak en belangrike nasionale aangeleenthede te bespreek.

2.2 Die … is die hoogste wet en geen persoon kan daarteen gaan nie, selfs nie die president nie.

2.3 … beteken dat die regering oop en eerlik moet wees oor wat dit doen.

2.4 … is kompleks en verander gereeld, dit is waarom samewerking tussen regerings so belangrik is.

2.5 Voor …, was die regering en staatsbestuur (hoe die land bestuur is) van Suid-Afrika in diskriminasie gewortel.

2.6 Suid-Afrika se regering bestaan uit drie sfere van regering: nasionale regering, provinsiale regering en … regering.

2.7 Die reg tot … beteken dat 'n mens die vryheid het om te lewe sonder vrees dat hy deur iemand doodgemaak kan word.

2.8 Die reg tot … is die reg om met mense van jou keuse te meng en die keuse het om deel van enige groep te word.

2.9 Die regering, parlement en die … moet verseker dat wat hullle ookal doen, nie in teenstelling met die Grondwet is nie.

2.10 … is daardie menseregte wat 'n persoon toelaat om sy of haar eie keuses te maak, sonder dat die regering enigiets moet doen.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Dit is die toewysing van 'n maandelikse som geld aan persone wat nie in staat is om hulself of hul afhanklikes te ondersteun nie	A	tussenbeide tree
3.2	Hierdie persone bestaan it verkose verteenwoordigers van die burgers van die land wat betrokke is by die maak van wette	B	howe
3.3	'n Persoon wat verkies is om die bestuur van 'n dorp of stad te lei	C	president
3.4	Verwys na 'n groep mense wat deur mense verkies is en wat bymekaar kom om wetgewing te bespreek sowel as sake wat betrekking het op goeie regering van die land	D	premier
3.5	In die nasionale regeringsfeer, is hy die uitvoerende hoof	E	burgemeester
3.6	Raak betrokke in 'n argument, geveg of ander moeilike situasie ten einde die vrede te herstel	F	welsynstoelae
3.7	In die provinsiale regeringsfeer is hy die uitvoerende hoof	G	Nasionale Vergadering
3.8	Die Grondwet spreek al die behoeftes van die land aan en hierdie behoeftes word deur die regering self verteenwoordig	H	regering
3.9	Hulle is vir alle regterlike funksies verantwoordelik	I	wetgewer
3.10	Hulle word ook deur die besluite van die howe gebind en moet verder toesien dat daardie besluite uitgevoer word	J	drie regeringsfere

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem VYF elemente van 'n demokratiese land. (5)

4.2 Bespreek die regsreël ('rule of law'). (5)

4.3 Bespreek reaksie ('responsiveness') as die sleuteldoelwitte van demokratiese regering in Suid-Afrika. (5)

4.4 Bespreek die sleutelkonsep met betrekking tot wetgewing. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

ICD

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

GOGO DAAG ZUMA UIT!

Kom en kyk hoe leef ek

Deur STEPHENS MOLOBI [*Daily Sun*]

GOGO Jane Hanosi is net nog 'n arm 'gogo' uit een van Mzanzi' se duisende plakkerskampe.

Maar dit het haar nie gekeer om die magtigste persoon in die land uit te nooi om haar te besoek nie. 'Ek daag jou uit, Mnr President. Kom kyk na my armoede.' Kom kyk hoe ek leef. Hierdie is nie demokrasie nie!' het die woedende 80-jarige ou vrou gesê.
Sy het aan die *Daily Sun* gesê dat sy net een wens het voor sy sterf. Sy wil hê President Jacob Zuma moet vir homself sien hoe mense elke dag sukkel.
Gogo, wat naby Daveyton, Ekurhuleni woon het gesê die enigste rede waarom sy nog leef is omdat sy nog nie die president ontmoet het nie. 'Hy moet kom en een keer hier kom slaap en ons sal sien as hy die volgende dag wakker word, of hy 'n gelukkige man is.'
Gogo het gesê mense soos sy word ooral elke dag in Mzansi wakker en geeneen in 'n magsposisie blyk om te gee nie.' Ek het my hele gelewe gesukkel, maar onlangs het dit erger geword.' Dit is nie vryheid waarvoor ons geveg het nie. 'Zuma moet kom en aan my verduidelik waar al hierdie lyding vandaan kom. Daarna kan ek sterf,' het sy gesê.
Jane bly alleen in 'n eenvertrekplakkershut in Mayfield wat lyk of dit enige oomblik kan omval. Dit is vol gate en daar is geen vloer nie, slegs sand, waar allerhande dinge rondkruip.
Gogo het gesê sy leef van inwoners se aalmoese en dat die ANC-regering hul in die steek gelaat het. 'Ek is werklik teleurgesteld.' Ons het werklik met ons laaste asem vir vryheid te druk. Kyk hier: sien jy enigiets waarvan jy hou? Ek deel my kos met rotte en insekte in my plakkershut. Ek urineer langs my deur. 'Ek wil die president vra of dit die lewe is waarvan hy sal hou om te leef'.

5.1 Verduidelik demokrasie. (2)

5.2 Die Grondwet is op sekere konstitusionele waardes gebaseer.

Bespreek menseregte en vryheid. (3)

5.3 Bespreek behuising as 'n mensereg. (3)

5.4 Wat is die regering se verantwoordelikheid? (3)

5.5 Gee VIER voorbeelde van sosiale en ekonomiese regte. (4)

5.6 Kwalifiseer die 'gogo' vir 'n maatskaplike toelae? Motiveer jou antwoord. (3)

Kopiereg voorbehou

5.7 Verduidelik sosiale ontwikkeling. (2)

5.8 Wat is die verantwoordelikheid van 'n munisipaliteit binne die area van sy jurisdiksie? (10)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die verskil tussen:

6.1.1 Grondwetlike aangeleenthede

6.1.2 Siviele aangeleenthede

(2 × 5) (10)

6.2 Bespreek die struktuur, stelsels en funksies van die:

6.2.1 Hooggeregshof

6.2.2 Magistraatshowe

(2 × 5) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou